



Posbus 54  
Brits  
0250  
Wichtstraat, Brits, 0250

012 252 3317/3392  
012 252 1676  
www.lsbrits.co.za  
britsadmin@lsbrits.co.za  
lsbrits@lsbrits.co.za  
finansies@lsbrits.co.za

## EREKODE

Ons leerdes streef nougeset dit wat in die erekode saamgevat is na:

- In ons skool streef ons die Christelike lewensbeginsels na en gee die ereplek aan die Drie-Enige God en Sy woord.
- Ons talente het ons van Hom ontvang en wend dit aan tot Sy eer.
- Ons gehoorsaam en eer ons ouers en onderwysers.
- Ons sal ons te alle tye waardig gedra sodat ons optrede die skool tot eer sal strek.
- Ons glo in selfdissipline, nederigheid, hofflikheid en lojaliteit.
- Ons hou onself en ons omgewing skoon en rein.
- Ons dien ons Skool, ons Taal en ons Land getrou.
- Hand aan die Ploeg, Laerskool Brits.

## MISSIE

Laerskool Brits streef daarna om in Brits 'n Afrikaanse Laerskool daar te stel wat:

- 'n unieke en eiesoortige karakter het,
- opvoedende onderrig in Afrikaans aan elke leerder te verskaf,
- gerugsteun word deur Christelike waarders en norme,
- poog om te voldoen aan die redelike verwagtinge van sy belangegroep,
- vir elke leerder redelik geleenthede wil skep binne sy/haar vermoë,
- gebalanseerde, gelukkige volwasse jongmense wil vorm wat 'n positiewe bydrae tot die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap sal kan maak.

## ETOS

As Beheerliggaam, ouers, personeel en leerders aanvaar ons die volgende:

- Laerskool Brits is gefundeer in Christelike beginsels en dat dit van elkeen verwag word om dit uit te leef. Die oppergesag en almag van God Drie-Enig word erken.
- Die gesin is die primêre opvoedingsbasis van elke leerder. Daar word van ons leerders verwag om volwasse persone se gesag te erken en dit te aanvaar. Volwassenes sal poog en daarna streef om elke leerder met liefde, geduld en begrip te lei en te ondersteun.
- Die belange van die skool word bo eie belange en behoeftes gestel. Daarom sal gepoog word om te alle tye, deur ons gesag, optrede, taal en denke die mooi naam van die skool uit te dra, te bevorder en gestand te doen.